# KINDERKERK LES: Jesus is ons Vriend

**Doel van les:**

- Hierdie week leer ons dat Jesus ons beste Vriend is.

**Ysbreker:**

- Gee vir elke kind 'n blaai en gem. Hulle kry nou so paar minute om hulle beste vriend te teken. Laat hulle die prentjies vir mekaar wys wanneer hulle klaar is.

**Sê:** Ons almal het 'n spesiale vriend wat net baie vir ons beteken, maar is dit nie so dat ons vriende tog ons somtyds seermaak of dalk weg trek en nie altyd daar vir ons kan wees nie. Vandag wil ek met julle praat oor 'n Vriend wat ons nooit alleen gaan laat nie. Wie dink julle is dit? Jesus ja.

**Aktiwiteit:**

Gooi 'n kombers in die middel van die vertrek neer. Laat een kind op die kombers lê en laat die kinders rondom kom staan. Laat elke kind 'n deel van die kombers vashou en laat hulle dan probeer om die kind op die kombers te lig, maar nie baie hoog nie en grootmense moet as bystaan om te sorg dat niemand seerkry nie. Laat so paar kinders beurte maak om in die middel te gaan lê en opgelig word en laat hulle dan gaan sit.

Ek wil vir julle 'n storie lees van vriende in die Bybel en van hoe Jesus ook 'n goeie Vriend vir hulle was. Lees Lukas 5:17-20 in kinderbybel.

Vra:

- Hoe dink julle het die man se vriende vir hom gewys dat hulle vir hom lief is? (Hulle het hom gedra na Jesus toe en 'n plan gemaak toe hulle sien hulle kom hom nie tussen die mense deurdra nie.)
- Hoe het Jesus gewys dat Hy lief is vir die man? (Hy het hom gesond gemaak.)

Jesus was 'n Vriend vir die man, want Hy het hom gesond gemaak. Hoe is Jesus 'n Vriend vir julle?

Kry terugvoering.

Indien daar tyd is, kan elke kind 'n inkleurprentjie inkleur.

Sluit af in groepe met gebed.